



Bou ons kinders vir môre

Godsdiensonderrig 2

Lestitel: Pinkster: Die Uitstorting van die Heilige Gees

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les oor Pinkster: Die Uitstorting van die Heilige Gees

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bybel• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Sondagskoolonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel	Pinkster: Die Uitstorting van die Heilige Gees
Bybelwoord	Handelinge 2: 1 – 40
Lesdoelwit	Die kinders leer wat met Pinkster gebeur het.

Lesopsomming:

Wat is Pinkster?

- Pinkster beteken "50" en dit was 'n Joodse viering wat 50 dae na die Pasga / Paasfees gehou is.
- Pinkster is die dag waarop die Heilige Gees uitgestort is.
- Dit word beskou as die geboortedag van die Christelike kerk.

Wat het op die dag van Pinkster gebeur?

- Jesus het na die hemel teruggekeer en Hy het die dissipels op aarde gelaat.
- Voordat Jesus vertrek het, het Hy aan die dissipels belowe dat God die Heilige Gees sal stuur, wat vir altyd by hulle sal wees.
- Hy het aan hulle gesê om in Jerusalem te wag totdat die Heilige Gees kom.
- Na Jesus se hemelvaart moes hulle tien dae wag voordat die Heilige Gees gekom het. Dit het op 'n spesiale vakansiedag, wat Pinkster genoem is, plaasgevind.
- Op die oggend van Pinkster, teen ongeveer 9 uur, was al die dissipels op een plek saam. Skielik was daar 'n magtige stormwind wat ingekom het en die hele huis gevul het.
- Daar het 'n vuurtong of vlam oor hul koppe verskyn. Hulle was almal met die Heilige Gees vervul en het in ander tale begin praat. Hierdie vermoë is deur die Heilige Gees teweeggebring.
- As gevolg van die Pinksterfees was daar baie meer mense in die stad Jerusalem. Hierdie mense het uit verskillende lande gekom en het baie verskillende tale gepraat.
- Die Heilige Gees, wat die dissipels vervul het, het hulle bemaagtig en dit moontlik gemaak om iets te doen wat hulle nog nooit vantevore kon doen nie. Die dissipels het in verskillende tale gepraat. Hulle het oor God, en die wonderlike dinge wat Hy gedoen het, gepraat.
- Sommige mense het verbaas geluister en ander het met hulle die spot gedryf.
- "Hulle het te veel wyn gehad", het hulle gesê.



Apostel Petrus se preek:

- Petrus, een van die dissipels, het opgestaan en 'n indrukwekkende preek gelewer. Petrus het vir die mense gesê dat hierdie manne nie dronk is nie, want dit is immers net 9 uur in die oggend.
- Hy het verduidelik dat wat die mense sien, is dat God sy belofte om die Heilige Gees te stuur, waargemaak het.
- Hy het die mense alles vertel van Jesus, hoe Hy gekom het, gesterf het en uit die dood opgewek is. Hy het vertel hoe God, Jesus beide Here en Christus gemaak het.
- Baie van hierdie mense was in Jerusalem toe Jesus gekruisig is, gesterf en begrawe is. Die meeste van hulle het gehoor hoe Jesus uit die dood opgestaan het, en hoe Hy deur vele ander mense gesien is.
- Nou, hier was Jesus se dissipels, wat deur die krag van die Heilige Gees, wonderbaarlik in tale praat wat hulle nie kon geken het nie.
- Die mense het nou geweet dat wat Petrus sê waar was, en hulle wou weet wat hulle moes doen om gered te word.
- Petrus het gesê: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang." Handeling 2: 38
- Daardie dag het 3000 mense in Jesus geglo, is gedoop en tot die Kerk van Christus toegevoeg. Hulle het tyd saam met die apostels deurgebring, by hulle geleer en in samesyn het hulle aan maaltye en gebede deelgeneem.

Wat leer hierdie les vandag vir ons?

- Jesus het sy belofte om die Heilige Gees uit te stort gehou. Hy sal ook sy belofte hou om ons te kom haal.
- Ons moet ons vriende van die Heilige Gees en die krag daarvan vertel, sodat hulle ook kinders van God kan word.
- Ons moet ook bekeer en as kinders van God bymekaar bly.
- Ons vier Pinkster ter herdenking/herinnering aan die dag wat die Heilige Gees uitgestort is.
- Ons onthou die ontstaan van die eerste Christelike gemeente - die geboortedag van die Kerk van Christus.

Afsluiting

- Nog 'n rede waarom Pinkster vir ons spesiaal is, is dat ons Pinksterdiens deur die stamapostel gehou word en op NAC TV na soveel gemeentes moontlik, wêreldwyd uitgesaai word.
- Die Heilige Gees bly ons Helper, Trooster en Gees van die Waarheid totdat Jesus Christus eendag terugkeer.



Doen oefening 1, 2 en 3 saam met u kind.

Antwoorde op Oefening 2:

Vraag 1: 20 - Geluid uit die hemel

Vraag 2: 9 - As gesplete tonge van vuur

Vraag 3: 3 - Elkeen in hul eie taal

Vraag 4: 50 - Petrus

Rekenkundige formule: 20 vermenigvuldig met 9, gedeel deur 3, vermenigvuldig met 50 = 3000

Antwoorde op Oefening 3:

Spaans: 1 - D

Duits: 2 - E

Engels: 3 - F

Frans: 4 - B

Portugees: 5 - A

Russies: 6 - C

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Liewe God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om u wil te doen

Sodat ons nader aan U kan groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet. Amen